# OOR DIE BYBEL

## Voorwoord

Miljoene Christene wêreldwyd glo steeds dat die Bybel die Woord van God is en getuig dat hulle gereeld daaruit lees, dit bestudeer en as 'n riglyn vir hulle lewens gebruik.

Met hierdie nuwe uitgawe van die Afrikaanse 1983-vertaling word Christene van alle ouderdomme, maar veral jongmense genooi om betrokke te raak by die lees en bestudering van die Woord om dit 'n onmisbare deel van hulle alledaagse lewe te maak. Hierdie uitgawe bevat dus interessante en aktuele materiaal wat die leser keer op keer teruglei na die Woord sodat elkeen uiteindelik soos Dawid kan sê:

*"... u woord is my hele lewe."* (Ps. 40:9b)

Saam met hierdie kort oorsig oor hoe die Bybel ontstaan het en saamgestel is, bevat die aanvullende materiaal 'n wye spektrum toepaslike Skrifgedeeltes wat veral jong lesers op hul lewenspad kan lei.

***Nuusflits!***
*Die Joodse Bybel bevat presies dieselfde boeke as die Christelike Ou Testament, maar hulle is in 'n ander volgorde gerangskik.*

## Het jy geweet?

Die woord "Bybel" kom van die Griekse woord **biblia** wat "boeke" beteken. Die Bybel wat jy in jou hand het, is dus eintlik 'n **minibiblioteek** met 'n versameling van **66** boeke.

Dit bestaan uit die Ou Testament wat **39** boeke bevat en die Nuwe Testament wat **27** boeke bevat.

## Wie het die Bybel geskryf?

Die Bybel is 'n besonderse boek wat oor 'n tydperk van minstens **1 200 jaar** geskryf is deur 'n **verskeidenheid skrywers**, van skaapwagters tot konings. Dit sluit in profete soos Moses, Daniël en Jesaja en geleerde mense soos Esra, konings soos Dawid en Salomo, en apostels van Jesus Christus soos Petrus en Paulus.

Omdat daar so baie uiteenlopende skrywers was wat met die oog op heel verskillende situasies geskryf het, "hoor" die Bybelleser die Woord van God uit **verskillende perspektiewe**. Die wonder van die Bybel is egter dat die verskillende boeke steeds **dieselfde basiese boodskap** en begrip van wie God is, bevat! Die Bybel is werklik 'n ongelooflike boek want dit spreek mense van alle ouderdomme en nasionaliteite deur alle eeue aan!

## Wanneer is die Bybel geskryf?


Lank voordat die skryfkuns uitgevind is **(± 4de millennium v.C.)**, is die geskiedenis van God se volk **mondelings** van geslag tot geslag oorgedra deur pa's, ma's, leiers in die gemeenskap en storievertellers. Later is die vertellings neergeskryf op kleitablette, boekrolle van dierevel (leerperkament) en **papirusrolle**. Die neerskryf en oorskryf van manuskripte het vir eeue voortgegaan omdat die boekrolle met tyd vergaan het. Trouens, die Hebreërs was so besorg oor hulle antieke geskrifte dat hulle bekend gestaan het as "Die mense van die boek".



***Nuusflits!***
*Die boeke van die Ou Testament is oorspronklik in Aramees en Hebreeus geskryf.*

Die ontstaan van die boeke van die **Ou Testament** strek oor meer as duisend jaar. Die versameling van die boeke het in drie groepe (Wet, Profete en Geskrifte) plaasgevind tydens belangrike krisismomente in die geskiedenis van die Joodse volk. Teen die einde van die **1ste eeu n.C.** is die boeke van die Hebreeuse Ou Testament vasgestel. In die Griekse vertaling van die Ou Testament wat aanvanklik in die vroeë kerk gebruik is, was daar ook ander boeke (Apokriewe/ Deuterokanonieke boeke) wat nie deel van die Protestante se Bybel is nie, maar in die Rooms-Katolieke kerk gebruik word. Sedert die Kerkhervorming gebruik Protestante net die boeke van die Hebreeuse Ou Testament.

Die belangrikste wette wat God aan sy volk gegee het, is die Tien Gebooie. *(Eks. 20 of Deut. 5)*



## Die Ou Testament bestaan uit die volgende gedeeltes:

### Die wet

Die eerste vyf boeke van die Ou Testament vanaf **Genesis tot Deuteronomium** is die wetboeke. Dit staan ook bekend as die **Pentateug** (vyf boekrolle). Dit vertel die verhaal van die skepping en God se verbond met die Joodse volk wat Hy vir Hom uitverkies het. Dit is die verhaal van talle karakters wat ten spyte van hulle menslike swakhede steeds as helde van die geloof gesien kan word.

***Nuusflits!***
*Het jy geweet Abraham is die eerste persoon in die Bybel wat 'n Hebreër genoem is?*

## Historiese boeke

Die volgende twaalf boeke vanaf **Josua tot Ester** vertel die geskiedenis van Israel nadat hulle uit Egipteland deur die woestyn getrek het tot in die land Kanaän. Ons lees ook van hulle leiers en konings, hulle ballingskap in Babilonië en die terugkeer na Jerusalem.

## Poëtiese boeke

Die volgende vyf boeke vanaf **Job tot Hooglied** is die poëtiese en wysheidsboeke waar die poësie ingespan word om te onderrig, te besiel en te aanbid. Veral die boek Job word beskou as een van die meesterstukke in die literatuurskat van die wêreld.

***Nuusflits!***
*Die oudste man in die Bybel was Metusalag, die sterkste man was Simson en die wysste man was Salomo.*

## Die profete

Die volgende 17 boeke vanaf **Jesaja tot Maleagi** is die boeke van die profete (soos Jesaja en Jeremia). Hulle moes God se woord aan sy volk bring en nie bloot as voorspellers van die toekoms optree nie. Hulle het nie net God se oordeel en straf aangekondig nie, maar ook sy beloftes van uitkoms en troos aan sy volk in ballingskap gebring.

## Die Nuwe Testament bestaan uit die volgende gedeeltes:

***Nuusflits!***
*Variasies van die woorde “Moenie bang wees nie” verskyn 365 keer in die Bybel.*

Die boeke van die **Nuwe Testament** is redelik kort na Christus se lewe op aarde geskryf. Die briewe van Paulus is reeds vanaf die vyftigerjare n.C. geskryf terwyl die vier Evangelies sowel as die Handelinge van die Apostels vanaf die sestigerjare deur **ooggetuies** geskryf is. Die hele Nuwe Testament is binne ongeveer ’n **halfeeu** ná die gebeurtenisse waarvan dit getuig, neergeskryf. Skaars ’n eeu nadat die Nuwe-Testamentiese boeke geskryf is, is die grootste gedeelte van die Nuwe Testament reeds deur die breë Christengemeenskap as **waar en eg** beskou, en teen die einde van die **4de eeu** is die hele Nuwe Testament amptelik deur die kerk aanvaar.

## Eenvormige boodskap

In hierdie boeke word dieselfde boodskap telkens oorgedra: Jesus word gebore uit die geslag van Dawid en sterf aan die kruis in ooreenstemming met die profesieë en geskrifte. Hy is begrawe en het op die derde dag opgestaan, opgevaar na die hemel en sit aan God se regterhand. Hy stuur die Heilige Gees aan sy volgelinge om sy werk op aarde uit te voer.


Die **Nuwe Testament** is oorspronklik in **Grieks** geskryf en bestaan uit die volgende boeke:

## Historiese boeke

Die eerste vyf boeke bestaan uit die **vier Evangelies (Matteus, Markus, Lukas, Johannes) en Handelinge** wat die verhaal van Jesus se lewe, sy dood en opstanding vertel. Die boek **Handelinge wat geskryf is deur Lukas, die skrywer van die Lukas-evangelie**, is meer as 'n geskiedenisboek. Dit vertel van die ontstaan van die vroeë kerk en hoe die Heilige Gees deur Petrus, Paulus en andere gewerk het om die nuus oor Jesus deur die wêreld te versprei.

**Die Briewe** is deur Paulus, Petrus, Johannes en andere geskryf aan groepies Christene en gemeentes of sekere mense op verskillende plekke in die antieke wêreld. Hulle is geskryf om die gelowiges te help om te verstaan wat die evangelie van Jesus Christus prakties in hulle lewens beteken en om hulle aan te moedig om daarvolgens te lewe.

**Openbaring** is die laaste boek in die Bybel. Dit is 'n visioen wat oor die nuwe hemel en die nuwe aarde handel, maar tegelyk 'n profetiese boek wat die gelowiges in hulle krisisomstandighede bemoedig en vermaan.




***Nuusflits!***
*Die teken van die vis,* ***ichthus****, is deur die vroeë Christene gebruik as geheime teken om mekaar uit te ken. Dit staan vir:* ***Iesous Christos Theou Uios Soter*** *(Jesus, Christus, Seun van God, Redder).*

## Waarom kan ons die Bybel vertrou?


Mense vra dikwels vrae oor die suiwerheid en die egtheid van die Bybel wat ons vandag besit. Die Bybel self sê vir ons dat dit die **geïnspireerde Woord van God** is en dat God self menslike skrywers geïnspireer het om die boeke van die Bybel te skryf.

Paulus stel dit baie duidelik aan Timoteus:

*Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.*
*(2 Tim. 3:16-17)*

Terselfdertyd staan daar telkemale in die Skrif: **"So sê die Here", "Die woord van die Here het tot my gekom"** of soortgelyke uitdrukkings wat bevestig dat dit nie die woorde van mense is nie maar God se woord *(vgl 1 Tess. 2:13)*.

***Nuusflits!***
*Die woord Christen word vir die eerste keer in Hand. 11:26 gebruik.*



Kodeks Zacynthius

## Hoe betroubaar is die Bybel deur die eeue oorgelewer?

Alhoewel die oorspronklike manuskripte (kleitablette, leer- en bederfbare papirusrolle) waarop die Bybelboeke aanvanklik geskryf is lankal vergaan het, bestaan daar **tienduisende Ou-Testamentiese manuskripte** en fragmente van manuskripte wat regdeur die antieke wêreld gevind is, wat die **betroubaarheid** van die Ou Testament bevestig. Die **Dooie See-rolle** wat van die 3de eeu v.C. tot die 1ste eeu n.C. dateer, is 'n goeie voorbeeld hiervan en bevat van die oudste manuskripte.

Wat die Nuwe Testament betref, is daar byna **6 000 manuskripte** en fragmente van manuskripte bekend.

Van die vroegste tye af is alles moontlik gedoen om te voorkom dat daar foute insluip tydens die oorskryf van manuskripte. In sommige groepe is 'n teks selfs (uit respek) begrawe indien daar meer as drie foute in voorgekom het. Omdat daar gelukkig soveel manuskripte beskikbaar is, kan hulle met mekaar vergelyk word om so die beste teks vas te stel.

Teen hierdie agtergrond kan 'n mens aanvaar dat die Bybel wat jy in jou hand vashou **baie betroubaar** deur die eeue heen sonder groot veranderings of weglatings, van geslag tot geslag oorgelewer is.

Die Bybel as boek is **geanker in die geskiedenis** van die mensdom self. Dit handel oor historiese volke, karakters en gebeure. Terselfdertyd vertel dit die **verhaal van God** se betrokkenheid met die mensdom van die skepping af tot nou. Deur die eeue het gelowiges bely dat hierdie biblioteek van boeke die ware Woord van God is waarin ons sy stem tot vandag toe hoor.

Dit is dus met goeie rede dat die Bybel steeds die **mees gepubliseerde boek** in die wêreld is ondanks talle pogings uit verskillende oorde om die Bybel te vernietig of af te maak as blote verhale wat deur mense oorvertel is.

**_Nuusflits!_**
*'n Skaapwagtertjie het die kleipotte vol antieke boekrolle wat afskrifte van die Ou Testament is, toevallig in 1947 in 'n grot langs die Dooie See ontdek!*

**_Nuusflits!_**
*Ongeveer 542 van die wêreld se meer as 6 500 tale beskik oor 'n volledige Bybel.*


## Wat beteken die Bybel vir my?

Die Psalmdigter som dit op in *Psalm 119:105:*

*U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.*

In *Romeine 15:4* bevestig die apostel Paulus die waarde van die Skrif in ons lewens:

*Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.*



Versierde manuskrip

## Hoe kry ek antwoorde op my vrae?

Die Bybel is nie soos 'n handboek met netjiese oplossings in alfabetiese volgorde vir elke probleem of vraag wat jy het nie. Die Boek praat met jou as jy bereid is om hierin die Woord van God te hoor en dit te gehoorsaam en **deel van jou alledaagse lewe** te maak.

Dit dek 'n wye spektrum van sake, gebeurtenisse en lewensituasies waarvoor die mens te staan kom. Die gevolg is dat verskillende probleme en vraagstukke aangespreek word deur **voorbeeld, raad en advies en ook direkte opdragte**.

As dit lyk asof daar nie 'n gedeelte is wat van toepassing is op 'n besondere probleem of vraag nie, is daar gewoonlik **breë beginsels** wat as riglyne gebruik kan word, bv. die eerste gebod *"Jy mag naas My geen ander gode hê nie"* verwys nie slegs na afgodsbeelde nie maar kan ook verwys na 'n besitting of objek of iemand wat jy bo God stel.

Om die boodskap van die Bybel te glo en jou eie te maak, is uiteindelik 'n **stap van geloof**. Mag God, die Skrywer van hierdie Boek jou in staat stel om sy persoonlike boodskap aan jou te verstaan en te glo.

*Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling